

## TOULEIER



## Saam met treine deur Chileense tunnels

### Hoofstuk 3 Deel 18

**D**is miskien nie so algemeen bekend dat namate mens weg beweeg vanaf seevlak, die verhouding tussen die getal wit- en rooibloedselle in jou liggaam stelselmatig verander nie. Soos wat jy klim, so klim die getal rooibloedselle en verminder die wittes om plek te maak vir die rooies. Dit is om te sorg dat jou longe steeds genoegsaam suurstof uit die dun lug kan haal.

Hoe hoër jy klim, hoe minder suurstof is daar in die lug. Weens die feit dat die tunnelprojek waarop ek gewerk het, baie hoog op in Andesgebergtes geleë was, was daar 'n baie streng rotasiebeleid toegepas. Dit beteken jy werk 'n maksimum periode van sewentien dae waarna jy dan vir ten minste vyf of ses dae na seevlak moet terugkeer sodat jou witbloedselle na normale vlakke kan terugkeer. Doen jy dit nie, verswak jou weerstand teen siektes.

Ek en Kamermaatjie het natuurlik hierdie gereelde langnaweke ten volle benut en die land platgery om sy mense en plekke verken. Sommer net die pad gevat en gekyk waarheen hy mens neem.

In die ou dae was daar 'n baie goeie spoorlyn uit die Suide tot heel bo in die Noorde van Chili waarmee veral mynboutoerusting en erts vervoer is. Die land was nooit eintlik vreeslik welvarend nie en oral kon mens sien hoe hulle maar, soos ons boere, 'n plan moes maak in die uiters bergagtige landskap om waar moontlik die trein en die pad dieselfde tunnel te laat deel.

Dit sou ook nie help om die treinspoor al langs die kus te laat loop nie, want die myne is almal in die berge geleë. Ek kan my indink dat hulle darem seker 'n baie goeie kontrolstelsel moes gehad het anders sou trein en lorie mekaar te gereeld in die tunnels ontmoet het.

In die tyd wat ons daar was het die treine lankal nie meer geloop nie en was ons dus op ons eie aangewese om maar elke keer te hoop en bid daar kom nie 'n kar van voor af nie. Veral as die tunnel effe lank was en boonop nog met 'n draai geloop het ook! So hier en daar het hulle 'n poging aangewend om die tunnels op plekke bietjie breër te skiet sodat mens darem twee motors by mekaar kon laat verbyskuur.

Toe Ma-goed uit die republiek kom kuier het, kon ons haar 'n paar interessante tema-dorpie neem wat byvoorbeeld bekend is net vir hul breiwerk of pottebakkerie. Daar is selfs die dorpie met die naam Combarbalá waar hulle uit 'n unieke seepsteen-formasie met dieselfde naam (combarbalita) 'n verskeidenheid artikels kerf en slyp en vorm om van papiergewiggies tot yslike potte en beelde te skep wat hulle verkoop.



Combarbalita

Hierdie gesteente kom net in daardie deel van die wêreld voor en mens herken hom dadelik aan sy maroenrooi kleur wat deurspek is met spikkeltjies en dun wit strepies wat lyk of dit in die oertyd met 'n reuselepel half gemeng was en net so laat staan was om te stol.

Op 'n slag het ons ver Noord gery tot in die middel van die Atacamawoestyn waar ons 'n naweek in die dorpie Saint Pedro de Atacama gebly en ondervind het hoe dit lyk waar daar feitlik nog nooit enige reënval in menseheugenis was nie. Geen wonder NASA het destyds hul maanlandingstuie daar gaan toets nie!

Toe gaan maak ek mos die fout om met my volgende afnaweek vir Annabelle Viña Del Mar te gaan wys. **Volgende keer meer hieroor.**

**Hennie Greeff**

**UITGEWER**

**Onrusrivier**

**pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

## Klaas Geswind en sy Perd

**Die meeste lesers het seker al van hierdie stokou gedig gehoor, maar hoeveel ken die agtergrond daarvan?**

Die gevierde digter Robert Burns van Skotland word onthou vir veral tekste wat getoonset is, soos die immergroen "Auld Lang Syne" Vir ons eie vroeë digters het Burns 'n besondere bekoring ingehou en sy verse was telkens 'n uitdaging om sy woorde in Afrikaans te vertaal.

Die hoogtepunt van Burns se geestigheid is die lang "Tam o' Shanter", daardie wonderlike verhalende gedig waarin hy 'n lewendige prentjie skilder van die vrolike volkse karakters in 'n kroeg in die laat agtiende eeu, 'n gedig wat nog vóór 1900 in verkorte vorm deur F.W. Reitz as "Klaas Geswind en Syn Perd" in Afrikaans vertaal en na Afrikaanse omstandighede getransponeer is.

Reitz gebruik tipiese Afrikaanse woorde en idiome gebruik om Burns se Skotse dorp na die agrariese Suid-Afrika van die negentiende eeu oor te plaas is briljant.

Burns werk die motief van die eeue oue rusie tussen man en vrou mooi in as Tam in die kroeg aan die drink is, terwyl sy "sulky sullen dame", Kate, by die huis sit, "Gathering her brows like gathering storm,/Nursing her wrath to keep it warm".

By Reitz sit Klaas Geswind se Elsie "by die vuur en brom: 'Ek kry hom soos hy huis toe kom.'" Iedere dag moet sy hom verwyf: "Maar Klaas, jy is tog al te skelm,/ Nog nooit is jy van huis gewees,/ Of jy gedraag jou nes 'n bees Van die mooiste verhewe beëdspraak gebruik Burns wanneer

Tam se uur van vertrek nader kom:

*But pleasures are like poppies spread,  
You sieze the flower, its bloom is shed;  
Or like the snow falls in the river,  
A moment white – then melts for ever.*

Reitz transponeer dit en die geestige wat hy daarmee bereik, word nog verder deur die lakonieke ryme versterk:

*Plesier is nes 'n jong komkommer,  
As jy hom pluk, verlep hy sommer;  
Of nes 'n skilpad in syn dop in,  
Soos jy hom vat, dan trek hy kop in.*

Wat 'n mens in veral Burns se gedig waardeer, is die wyse waarop hy die besope Tam, feitlik hipnoties gefassineer deur die dansende spoke, in die begraaftplaas langsaan die kerk waarneem. By Reitz lei die transponering na die tipiese negentiende-eeuse plaasdanse en tot 'n mooi klanknabootsing waarin die leser die ritme van die dansende skelette hoor:

*Hul dans daar rond dat dit so gons,  
Geen ouderwetse kotiljons,  
Maar eers "Aleksander Klipsalmander"  
Trap hulle algar met malkander;  
Toen was dit weer die "hondekrap",  
Totdat die sweet so van hul tap!*

Wanneer Tam se ekstase by die aanskouing van een met 'n alte kort rokkie en "full of lust" in 'n juigkreet uitmond, moet hy op sy perd, Maggie, laat spat.

Gelukkig weet Burns dat spoke bang is vir water. Reitz verafrikaans die watervrees in sy transponering met 'n vergelykende byvoeging: "n Spook is nes 'n bokkater,/ Hy loop nie sommer in die water." Soos in die geval van Tam se Maggie word Klaas se Kol se stert "glad uitgeruk".

Met die slot van die verhaal speel albei digters weer in op die tradisie van die moralisering en die sogenaamde lessie wat 'n gedig volgens die konvensie moes leer. By Burns:

*No, what his tale o' truth shall read,/ Ilk man and mother's son take heed; /  
Whene'er to drink you are inclin'd, / Or cutty-sarks run in your mind, Think! Ye  
may buy joys o'er dear – Remember Tam o' Shanter's mare.*

En by Reitz:

*Vir dié wat lus het om te draai,  
Wil ek maar net een woordjie raai:  
Gedenk aan Klaas Geswind syn perd,  
En vraag jousef: waar is haar stert?*

**(Verkort. Met erkenning aan JC Kannemeyer)**

# Duskantlander in Anderkantland

## Houdini, die hoender

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.



**K**lara lyk nie vanoggend baie vars nie. Sy het kringe om die oë en skouers wat effe verlep hang. Ek vra versigtig uit oor die kind, hy's gelukkig by die skool, maar Houdini het weer sy allerbeste gelewer.

Haar sewejarige is eers ná Aspoestertjetyd bed toe want die Houdini-hoender het in 'n geut opgekrui, kop eerste, en verdrietig gelê en piep. Al wat jy kon sien uitsteek, was sy twee pienk pootjies en nat klossie verebondel. Die geut is losgewikkel, geskud en gekap, maar die piepgeluide het na 'n geskou soos met varkslag verhoog en moes gestaak word ter wille van die bure.

Haar kind wou nie bed toe totdat die vervlakste hoender gered is nie. Jackson, die Ghanese tuinier, se besemstok-poging het die nat verebondel dieper laat verdwyn, maar die buurman se advies het die koek gevat. Hy reken druk die geut plat, dan kan hy in stilte verder slaap en môre eet almal geroosterde hoender!

Klara se man het einde laas op die dak geklouter, wou 'n emmer water in die geut gooi en die hoender uitspoel, maar toe gee die geut mee. Klara was heelnaag by die kliniek. Haar man se gips om die enkel sal in ses weke moontlik verwyder word.

Sien Klara se hoendermoleste het so paar maande terug begin. Klara is oorspronklik van Londen en besluit toe in Afrika moet jy 'n paar hoenders kry as troeteldiere. Waar sy vandaan kom, is daar soveel wetgewings wat jou verhoed om hoenders aan te hou en sy sal nooit weer die kans kry nie.

Ná ure se navorsing op Pinterest besluit sy om eers 'n hoenderhok te laat bou. Sy het besluit op kwaliteithout - dit reën immers heeltyd en hout vrot sommer in een seisoen.

Ná drie weke se hokbou gaan betaal sy en dit neem agt manne wat sukkel om daardie hok op 'n bakkie te laai. Ek het die foto's van haar 'koep' gesien; sit 'n sinkdak op en 'n jong Ghanese familie kan gemaklik daarin gaan woon!

Die drywer is die taak opgelê om twee troetelhoenders padlangs te gaan koop. Binne die bestek van 'n uur was hy terug met twee geveerde jong hoenders so ewe in 'n plastiek inkopiesak- met die twee hoenderkoppies wat uitsteek! Die swart hoender is Emily genoem en die een met 'n blerts vaal in die kuif is Rosy gedoop.

### Moenie die kuiken 'n naam gee nie, anders beland hy nooit op jou bord nie!

Dit is loshande die beste hoender-advies wat ek nog ooit ontvang het. Maar hierdie was immers iemand anders se roetel kuikens...

Die eerste was ook die laaste aand wat daardie twee kuikens naby daardie hok geslaap het. Emily het opgegroeï en 'n astrante haan geword en moes weggee word vanweë al daardie gekraaiery. Rosy is 'n kat in 'n hoenderlyf; dié is intussen hemoem as Houdini want daardie hoendertjie is blitsvinnig en hol al om daai koop maar weier om binne-in te gaan.

Houdini slaap sommer in bome en in geute en as dit koel is buite, sommer bo-op die mouter se warm enjinkap. Houdini eet nie gekoopte hoenderkos nie, maar verkies om vlieë oor die agterstoep rond te jaag met so lang uitgestrekte nek, en skrop bedrewe nuwe saailinge uit die beddings.

Die hoenderkolonie is intussen aangevul, met Henny-Penny so 'n lekker vet hen wat elke dan en wan almal verras en 'n enkele eier lê. 'n Nuwe geel hoender is weer Emily vernoem en Emily-hoender is heimlik jaloers op Henny-Penny se eierlê vernuf. Sy boelie haar deur haar veerkopbles te pik elke kans wat sy kry. Klara drink graag tee in die laatmiddag se sonnetjie op die agterstoep binne hoorafstand waar haar seun binne-in die koop sit tussen sy hoenderkolonie. Die nuwe Emily hoender hou hy kalm op sy skoot, en Henny-Penny oefen nog aan die eierlê ding.

Houdini inspekteer die swembad se wateruitlaatgat. Daar's vanmiddag vrede op die werf en haar seun begeer geen ander dier as sy Afrika hoenderkolonie nie. Sy verluister haar terwyl haar seun sy hoenders maan om nie in geute op te krui nie en nooit ooit per ongeluk oor die buurman se heining te vlieg nie.

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## BAIE GELUKKIG

'n Voetganger het in die straat ingestap sonder om te kyk. (Hy was seker met sy selfoon doenig.) Toe tref 'n fietsryer hom en hy lê plat op sy rug in die afvoersloot. Die fietsryer het remme aangeslaan en gestop, afgekyk na die voetganger en gesê: "Sjoe! Jy is gelukkig!  
"Gelukkig? Wat bedoel jy met gelukkig?"  
kreun die voetganger.  
"Wel," sê die fietsryer, "ek ry gewoonlik met 'n bus."

## VERDWAAL

'n Passasier is hoog in die takke en klim met moeite in 'n stilstandende bus en begin deur sy sakke na sy kaartjie soek.  
"Hier moet 'n kaartjie wees. Ek wéét ek het een gekoop," soek hy voort.  
Die kondukteur raak ongeduldig. "Goed, goed, ek glo jou. Maar jy hou mense op, klim net in dat ons kan ry!"  
"Dis nie die punt nie," sê die dronkie. "Hoe gaan ek weet waarheen ek op pad is as ek nie my kaartjie kry nie?"

## GEEN VERSKIL

Wanneer jy dood is, weet jy dit nie. Dis net moeilik vir die mense wat nog leef. Dis dieselfde wanneer jy dom is.

## ANDY CAPP deur Smythe



## NIE LUS VIR GESELS

Daar is 'n klop aan Gammat se deur.  
"Wie's daa'?"  
"Ons is die polisie."  
"Wat wil djulle hê?"  
"Ons wil gesels."  
"Hoevil is djulle?"  
"Ons is vier."  
"Gwaan, 'tsek. Djulle is mos genoeg. Djulle kan mos somme' met mekaar chat."

## DIE REGTE MANS

Martha was verveeld met haar werk as sekretaresse en doen aansoek as lugwaardin by SAL.  
"Maar juffrou, jy het dan reeds 'n goeie werk?"  
"Die waarheid is ek wil 'n werk doen waar ek mans kan ontmoet."  
"Maar jy ontmoet mos reeds mans in jou werk?"  
"Ja, maar hulle is nie vasgegardel nie."

## GOEIE REDE!

Die eerstejaar mediese student het sy hand in die klas opgesteek.  
"Professor, hoekom moet ons van fisika leer? Dit het mos niks met medisyne te doen nie!"  
"Die hele kursus gaan oor die red van lewens," antwoord die professor.  
"Maar hoe kan fisika lewens red?"  
"Want dit hou idiote weg van die mediese skool."

# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### Met die regte ring kry jy baie reg!

'n Ouerige gryskopman het een Vrydagaand met 'n pragtige jong dame aan sy sy by 'n juwelierswinkel ingestap. Hy het vir die juwelier gesê hy soek 'n duur ring vir sy vriendin.

Die juwelier wys hom toe 'n ring vir R8 000.

"Nee, man, ek soek iets baie spesiaal!"

Die juwelier het rongekeep en haal 'n ring vir R40 000 uit. Die jong dame se oë blink en sy bewee van opwinding.

"Goed, ons neem hom," sê die ou man. "Ek sal jou per tjek betaal en die ring Maandag optel wanneer die tjek gewissel is."

Die Maandagoggend sê die juwelier vir hom die tjek het gebons want daar is geen geld in die rekening nie.

"Ek weet," sê die ou man, "maar laat ek jou van my wonderlike naweek vertel!"

### Baie tweelinge

'n Sensusopnemer klop aan die plaashuis se voordeur. 'n Vrou maak die deur oop, en hy vra haar hoeveel kinders sy het, en wat hul ouderdomme is.

"La'k sien," antwoord sy.

"Daar is die tweeling Sally en Billy, en hulle is 32.

"En die tweeling Seth en Beth, hulle is 26. En die tweeling Penny en Jenny . . ."

"Wag 'n bietjie," val die sensusman haar in die rede.

"Het julle **elke keer** 'n tweeling gekry?"

Die vrou antwoord:

"Nee, is jy nou simpel? Daar was honderde kere wat ons niks gekry het nie!"



Het hulle dalk gedink hulle gaan koekies kry?

#### WETTE

Brown se skoewet:  
As die skoen pas, is hy lelik.

Wet van die teater:  
Die mense wat die verste van die paadjie af sit, daag altyd laaste op.

Wet van nommers:  
As jy 'n verkeerde nommer bel, sal dit nooit beset wees nie.

#### BLOND

Hoeveel blondines is nodig om springmielies te maak?

Vier.

Een om die pot vas te hou, en drie om die stoff te skud.

Een van die voordele van ouer word is dat jy 'n poephol kan herken voordat hy sy mond oopmaak.

### Die eensame weduwee

Die eensame 70-jarige weduvrou het besluit om weer te trou. Sy plaas 'n advertensie:

**Eggenoot gesoek! Moet in my ouderdomsgroep wees, my nie slaan nie, nie by ander vroue rondloop nie en moet goed in die bed wees. Aansoeke moet in persoon geskied.**

Die volgende dag lui die deurklokkie. Tot haar ontsteltenis sit daar 'n grysmans in 'n rolstoel voor die deur. Hy het nie arms of bene nie.

"Jy wil tog nie hê ek moet jou oorweeg nie?" vra sy. "Kyk na jou - jy het nie bene nie!"

Die ou man glimlag. "Wel, dan kan ek nie rondloop nie"

"Jy het ook nie arms nie!" snork sy.

"Daarom kan ek jou nie slaan nie."

Die weduwee vernou haar oë. "Is jy nog goed in die bed?"

Wel," sê die ou man, "ek het die deurklokkie gelui!"

## Koos van der Merwe gaan meubels koop

Koos van der Merwe was 'n meubelhandelaar. Hy het besluit om sy aanbiedinge uit te brei en in Parys te gaan kers opsteek vir nuwe reekse.



Daar gekom, het hy 'n reeks uitgesoek wat hy gedink het goed sal verkoop. Om sy koop te vier, gaan hy toe na 'n klein bistro vir 'n glas wyn. Die plek was oorvol, maar hy kry gesit by 'n tafel met nog een oop stoel.

Kort voor lank kom vra 'n pragtige Franse meisie hom iets wat hy nie verstaan nie, maar hy beduie na die oop stoel en nooi haar om te sit.



Nadat hy 'n rukkie probeer het om met haar te gesels, vat hy maar 'n servet, teken 'n glas wyn en wys dit vir haar. Sy het geknik en hy bestel toe vir haar wyn.



Bietjie later teken hy vir haar 'n bord kos en sy knik. Hulle stap toe na 'n stil kafeetje waar daar romantiese musiek speel.



Hulle het aandete bestel en geëet en hy vat toe nog 'n servet en teken mense wat dans. En so dans hulle wang teen wang totdat die orkes heelwat later ophou speel en oppak en verkas.



Terug by hul tafel vat sy toe 'n servet en teken 'n hemelbed en wys dit vir hom.

En tot vandag toe kon Van der Merwe nie uitwerk hoe sy geweet het hy is in die meubelhandel nie.

**As al die mans dieselfde is, hoekom doen vroue dan soveel moeite om die regte een te kry?**

## Waarhede oor vrouens

● Ek het met Mej.

Reg getrou. Ek het nie geweet haar eerste naam is Altyd nie.

● Hoekom sterf

mans voor hul vroue?  
Omdat hulle wil.

● Wetenskaplikes

het die kossort ontdek wat 'n vrou se geslagsdrif laat afneem. Dit word 'n troukoek genoem.

● Hoekom laat

mans meer winde as vroue?  
Want vroue kan nie lank genoeg stil bly om genoeg druk op te bou nie.

● Hoe weet jy 'n

vrou gaan iets baie slim sê?  
Wanneer sy die sin begin met "n Man het my een keer vertel . . .

## Aan alle ANDERKANTLANDERS! Ons wil weer 'n slag van julle hoor soos in die ou dae!

**Vertel ons waar julle is, hoekom julle daar is en wat julle doen. Kom julle soms nog SA toe? Is julle gelukkig daar en hoekom? Dink julle nog aan terugkom eendag? Wat maak die lewe daar lekker, of moet julle baie verduur en opoffer om daar te bly? Is jou lewe goedkoper? Wat irriteer jou die meeste daar en wat mis jy die meeste van Suid-Afrika?**

**TOE NOU – LAAT WAAI!**

Stuur julle e-posse aan [vrskut@spektrum.co.za](mailto:vrskut@spektrum.co.za)

### GOEDKOOP

Die man het by 'n klerewinkel ingestap en aan die verkoopsman gesê hy wil graag iets goedkoop in 'n baadjie sien.

Verkoopsman: "Kyk in die spieël, daar is een links van jou."

### KOMMAS IS BELANGRIK!

Kom ons eet ouma!

Kom ons eet, Ouma!

'n Komma kan 'n lewe red. Gebruik hulle reg.

### SJOKOLADE

Maak nie saak wat die vraag is nie, sjokolade is die antwoord.



## Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

**Liebenberg** [Nickey.lieb@gmail.com](mailto:Nickey.lieb@gmail.com)

Nickey Liebenberg, gebore Pretoria 1975.

Pa Johan Casper (Cassie) Liebenberg.

**Smit** [jtheron1617@gmail.com](mailto:jtheron1617@gmail.com)

Vir my stamboom ondersoek vra ek asb inligting oor die familie SMIT - My oupa was Cornelius Johannes Smit gebore 1876 sterfdatum 27 Mei 1941 Hulle het geboer op die plaas Hoedkop distrik Carnarvon of Victoria Wes in die Karoo. Enige inligting sal waardeer word.

**Du Toit** [jtheron1617@gmail.com](mailto:jtheron1617@gmail.com)

Ek het baie inligting oor die Du Toit familie-afstammeling van Francois Du Toit- epos gerus as daar vrae is.

Ander vanne wat ingestuur is: Theron(d),Schoeman,Strydom, Marais en Rautenbach.

Gaan na [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) en kyk uit vir jou eie van.



## Wetenskaplikes ontdek 'n nuwe element!

Die nuus word die afgelope paar dae oorheers met berigte oor die skedel Homo naledi, wat allerhande 'bewyse' lewe van die mens se ouderdom, ens.

**Maar dis nog niks nie: Wetenskaplikes het ook 'n nuwe element by die menslike kennis gevoeg:**

'n Vooraanstaande navorsingsinstituut het die swaarste chemiese element ontdek wat aan die wetenskap bekend is. Die nuwe element heet "Goewermentium."

**Goewermentium** het 1 neutron, 12 assistentneutrone, 75 adjunkneutrone en 224 assistent-adjunkneutrone. Dit gee aan die element 'n kritiese massa van 312.

Hierdie 312 partikels word bymekaar gehou deur kragte wat morone heet, wat op hul beurt omring is deur groot getalle klewerige partikels wat pionne genoem word.

Aangesien **goewermentium** geen elektrone het nie, is dit baie traag, maar dit kan opgespoor word omdat dit elke reaksie waarmee dit in aanraking kom, in die wiele ry.

'n Baie klein hoeveelheid **goewermentium** neem vier dae om 'n reaksie te voltooi wat gewoonlik net 'n breukdeel van 'n sekonde vereis.

**Goewermentium** het 'n normale halfleeftyd van 1 tot 4 jaar. Dit vergaan nie, maar ondergaan 'n herorganisasie waarin 'n gedeelte van die assistentneutrone en adjunkneutrone plekke ruil. **Goewermentium** se massa neem dus met tyds-verloop toe, aangesien herorganisasie sommige morone in neutrone verander om isotope te vorm.

Die karakteristiek van moronpromosie laat sommige wetenskaplikes vermoed dat **goewermentium** gevorm word wanneer morone 'n sekere verdigting ondergaan. Hierdie hipotetiese kwantiteit word die "Kritieke Moeras" genoem.

Daar is ook vasgestel dat die dikmelkkaas wat met hierdie element geassosieer word, oor die kenmerke van verdraaiing, geur en kleur beskik. Twee ander kenmerke is laksheid en hebsug.

Die hengelaar vang op 'n dag 'n meermin. Hy en sy medehengelaar kyk verstom na die pragtige kreatuur. Toe maak hy haar los van die hoek en gooi haar terug in die water.

Die vriend vra: "Hoekom?"

Hy antwoord: "Jy bedoel seker hoe?"

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



## Oom Paul se esels

Saam met die herwinning van die Transvaal se onafhanklikheid ná die Slag van Majuba in 1881 het daar egter nou `n nuwe verskynsel in Pretoria sy kop uitgesteek – die fotograaf.

**D**ie ou Boere in die Transvaal was praktiese mense. In die Kaap het die mense met die deftige Kaaps-Hollandse argitektuur hulle welvaart op die voorstoep uitgestal.

Die kinders van die trekkers se argitektuur was, vir die eerste veertig jaar na hul vestiging noord van die Vaalrivier, behoefte gerig.

In baie gevalle het vier mure en `n dak aan die behoefte voorsien. So was die dan ook die geval met die oorspronklike raadsaal. Die gebou het gestaan op dieselfde plek waar die huidige raadsaal op Kerkplein staan.

Hierdie setel van die land se regering het bestaan uit vier mure, `n sinkdak en `n stoep. Op die stoep is daar gekoukus en `n pypie aangesteek wanneer die gemoedere in die raadsaal warm geraak het. Alles baie behoefte gerig.

Saam met die herwinning van die Transvaal se onafhanklikheid ná die Slag van Majuba in 1881 het daar egter nou `n nuwe verskynsel in Pretoria sy kop uitgesteek – die fotograaf. Dit was die Switser H.F. Gros wat tydens die Beleg van Pretoria die plaaslike bevolking aan die nuusfoto bekend gestel het.

Voor die tyd was dit die era van die ateljeefoto – pa en ma op die stoele en die kinders om die ou mense gerangskik. Nou het fotograawe begin rondloop met hul kameras en dinge afgeneem wat maar liefds gelos moes gewees het.

Op `n dag neem `n Engelse fotograaf die ou raadsaal af. Niks fout daarmee nie, behalwe dat op die stoep van die raadsaal daar `n klomp esels rondgestaan het. Dit was `n span van `n boer wat in die dorp kom sake doen het, en wat nou begin rondloop het.

Vermakerig keer die fotograaf toe vir president Kruger voor. "Ek wil die foto graag Londen toe stuur om vir die mense daar u raadsaal te wys," beduie hy vir die president, hopende op `n prostesterende antwoord.

"Nou stuur as jy wil stuur. Wat het dit met my te doen?" kap Kruger onverstoord terug.

"Maar president, die esels op die voorstoep van die raadsaal," probeer hy dié keer met `n meer op-die-man-af-benadering.

"Wat daarvan?" grom-vra Kruger.

"Is dit nie `n bietjie vernederend nie? Ek meen esels op die voorstoep van die land se hoogste raadsaal," kom die fotograaf dié keer tot die punt.

"Geensins," kap Kruger, nou half-vererg, terug. "By ons is die esels op die stoep. Waar jy vandaan kom, is die esels in die regering," en met dié draai Kruger sy rug op die verstomde fotograaf.

KAMMANUUS verskyn weer op 19 JUNIE  
Maar hier is nog 'n bietjie wat jy kan aflaai:  
[www.onsdop.com/ekstra.html](http://www.onsdop.com/ekstra.html)

